

Oefening 2015-8AF-00009(4)

GEEN SAKREKENAAR MAG IN HIERDIE OEFENING GEBRUIK WORD NIE!

- (1) Bepaal die oppervlakte van 'n reghoek met afmetings $1,2 \text{ cm} \times 8,2 \text{ cm}$.
- (2) Carlo draf vir 5 dae van die week om te oefen vir 'n opkomende padwedloop. Hy draf onderskeidelik $26,56$; $34,65$; $12,45$; $23,98$ en $44,77$ km vir die vyf dae. Bereken die totale afstand wat Carlo vir die vyf dae gedraf het.
- (3) Is die volgende bewerings waar of onwaar?
- (a) Alle Natuurlike getalle is Rasionale getalle.
 - (b) $\sqrt{121}$ is nie 'n Rasionale getal nie.
 - (c) -66 is 'n Heelgetal, maar ook 'n Reële getal.
 - (d) Die som van twee Natuurlike getalle sal altyd weer 'n Natuurlike getal wees.
- (4) 'n Wiskunde handboek is $1,34 \text{ cm}$ dik. Op 'n tafel lê 360 van dieselfde handboeke opmekaar gepak. Bepaal die totale dikte van al 360 handboeke.
- (5) Watter van die volgende oplossings is korrek? Indien die bewering(s) nie korrek is nie, korrigeer die foutiewe stap(pe).

Oplossing 1:

$$\begin{aligned} & \frac{3}{4} \div 1 \frac{1}{2} \times 5,5 \\ &= \frac{3}{4} \div \frac{3}{2} \times 5 \frac{1}{2} \\ &= \frac{3}{4} \times \frac{2}{3} \times \frac{11}{2} \\ &= \frac{1}{2} \times \frac{11}{2} \\ &= \frac{11}{4} \\ &= 2 \frac{3}{4} \end{aligned}$$

Oplossing 2:

$$\begin{aligned} & \frac{3}{4} \div 1 \frac{1}{2} \times 5,5 \\ &= \frac{3}{4} \div \frac{3}{2} \times 5 \frac{5}{10} \\ &= \frac{3}{4} \div \left(\frac{3}{2} \times \frac{55}{10} \right) \\ &= \frac{3}{4} \div \left(\frac{165}{20} \right) \\ &= \frac{3}{4} \times \frac{20}{165} \\ &= \frac{5}{55} = \frac{1}{11} \end{aligned}$$